


# St. Rita van Cascia

## 22 Mei

(1381-1457)

Rita is by Cascia in Umbrië (Italië) gebore. Hoewel sy van kleins af 'n non wou word, dwing haar ouers haar in 'n huwelik met 'n ongevoelige en wrede man. Agtien ongelukkige huweliksjare volg waartydens sy geboorte gee aan twee seuns en as weduwee opeindig toe haar maar in 'n bakleiery sterf. Weereens probeer sy om by die plaaslike Augustynse klooster in te tree maar hulle weier haar omdat sy nie meer 'n maagd was nie. Uiteindelik word spesiale vergunning aan haar verleen en in 1413 verwesenlik sy haar lewensdroom om 'n non te word. Teen dié tyd was sy egter alreeds sieklik en die res van haar aardse lewe is gekenmerk deur liggaamlike kwale en baie pyn. Sy lei 'n lewe van totale self-opoffering en diep gebed, opgevang in 'n mistieke verhouding met God. Vyftien jaar vóór haar dood ontvang sy die stigmata en haar gebedslewe was vol visioene en oomblikke van ekstase soos sy letterlik één met God geword het. Wonde het op haar voorhoof verskyn waar sy die onsigbare doringkroon van haar Verlosser gedra het. Talle wonderwerke is vóór en ná haar dood aan haar voorspraak toegeskryf.

© Die Oratorium Uitgewery